| | |
|---|---|
| Verslagwaardig: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA

(Noord-Kaapse Afdeling / Northern Cape Division)

| | |
|---|---|
| Saakno: / Case number: | **CA&R 145/04** |
| Datum verhoor: / Date heard: | **26/08/2004** |
| Datum gelewer: / Date delivered: | **26/08/2004** |

In die saak van:

**WITBOOI, BOLTWIN DENZILLE** Appellant

en

**DIE STAAT** **Respondent**

*Coram: Lacock R et Musi WnR*

---

**UITSPRAAK OP APPÉL**

---

**LACOCK R:**

1] Die appellant het op 16 Februarie 1999 in die Streekhof te Upington tereg gestaan op 'n aanklag van moord. Hy het skuldig gepleit, en nadat hy aldus skuldig bevind is, is hy gevonnis tot twaalf jaar gevangenisstraf.

Die appellant doen nou aansoek vir kondonasie vir die laat liassering van sy kennisgewing van appél, en teken

terselfdertyd appél aan teen die vonnis hom opgelÍ.

2] Indien daar vooruitsigte was om te slaag met die appél teen vonnis sou ek waarskynlik kondonasie soos versoek toegestaan het.

Dit is vervolgens nodig om te handel met die meriete van die appél.

3] Die omstandighede waaronder die appellant die tersaaklike moord gepleeg het, is as volg uiteengesit in sy skriftelike pleitverduideliking en soos aan die Verhoorhof voorgehou:

> "Ek die ondergetekende Boltwin Witbooi pleit skuldig op 'n aanklag van moord en maak ek die volgende erkennings. Ek erken dat ek op 18 April 1998 en te Warmsand Keimoes en binne die regsgebied van die Streekafdeling Noord Kaap wederregtelik en opsetlik vir Simon Booysen gedood het deur ek hom een hou met 'n mes gesteek het. Ek erken dat die oorledene, dat ek die oorledene 'n steekwond toegedien het in die linker voorborswand lateral net onder die linker sleutelbeen tussen die tweede en derde ribbes deur tot 3 sentimeter diep in die linkerlong.

*Ek erken dat die steekwond 2.5 sentimeter lank en 7 sentimeter diep was. Ek erken dat die oorledene dood is as gevolg van bloedverlies, as gevolg van beskadiging van die linker subklawiese bloedvate veroorsaak deur die steekwond.*

> *Ek die oorledene en my pa het saam op die stoep van ons huis gedrink. Ek het ingegaan na my kamer waar my meisie besig was om haar te was. Sy was kaal. Die oorledene het in die kamer ingekom terwyl ek en my meisie binne die kamer was. Ek het hom uit die kamer gestoot en die deur toegemaak. Die oorledene het in tweede keer die kamer binne gekom.*

*Ek het hom vir 'n tweede keer weggestoot uit die kamer en ek het toe agter hom aangestap. Die oorledene het uit die huis geloop deur die yard tot ongeveer twee tree buite die hek, en ek my mes uitgehaal en oopgemaak. Buite die hek het die oorledene gaan staan. Ek het vir die oorledene gesê, kom ons maak klaar waarop die oorledene gesê het hy is nie bang nie.*

> *Daarop het ek die ooledene die mes op hom toegedien. Die rede hoekom ek die oorledene gesteek het was omdat ek kwaad was omdat hy twee keer in die kamer ingekom het terwyl my meisie kaal was ek en die oorledene was onder die invloed van drank tydens die voorval. Ek weet ek het verkeerd opgetree en het opreg berou oor die voorval."*

4] Adv Cloete, namens die appellant, voer aan dat die Landdros 'n mistasting begaan het deurdat hy die belange van die gemeenskap oorbeklemtoon het ten koste van ander tersaaklike faktore. Voorts voer hy aan dat die vonnis, afgesien van die voorgaande, skokkend onvanpas is en dat hierdie Hof gevolglik daarmee behoort in te meng.

Adv Jansen namens die Staat voer daarenteen aan dat die Landdros geen mistasting begaan het nie, en dat ook nie gesÍ kan word dat die vonnis die appellant opgelÍ, skokkend onvanpas is nie.

5] Na my mening moet adv Jansen gelyk gegee word.

Uit die uitspraak van die Landdros blyk dit duidelik dat hy volledig oorweging gegee het aan alle persoonlike

omstandighede van die appellant soos aan hom voorgehou. Ook het hy in oorweging geneem die tydperk wat die appellant voor sy skuldigbevinding verhoorafwagtend in die gevangenis was, asook dat hy as ‘n eerste oortreder voor die hof verskyn het. Die hof het ook ag geslaan daarop en dit ten gunste van die appellant in aanmerking geneem, dat hy skuldig gepleit het en daardeur berou vir sy optrede getoon het.

6] Na my mening was die Landdros heeltemal geregverdig om die groot aantal soortgelyke misdrywe wat in sy jurisdiksie gebied gepleeg is die voorafgaande tydperk voordat die appellant gevonnis is, in ag te neem. Uit die statistiek soos aan die Landdros voorgehou, en uit sy eie kennis, blyk dit dat moord in die tersaaklike gebied aan die orde van die dag is, en skrikwekkende afmetings aangeneem het. Die Landdros was gevolglik heeltemal korrek om tot die gevolgtrekking te kom dat die belange van die gemeenskap verg dat sodanige vonnisse vir hierdie misdrywe opgelÍ moet word wat onder andere daartoe sal bydra dat andere afgeskrik word om soortgelyke misdrywe te pleeg.

Vervolgens meen ek nie dat gesÍ kan word dat die Landdros ‘n mistasting hieraangaande begaan het nie.

Dit moet toegegee word dat die vonnis die appellant opgelÍ, ‘n swaar vonnis was. Na my mening egter kan nie gesÍ word dat

die vonnis ‘n gevoel van skok opwek nie. Die toets is nie of hierdie Hof ‘n ligter vonnis sou oplÍ dan die vonnis wat die Landdros opgelÍ het nie, maar of gesÍ kan word dat die vonnis so onredelik is dat geen redelike hof sodanige vonnis sou opgelÍ het nie.  Na my mening val hierdie vonnis nie in die laaste kategorie nie.

Ek kan begryp dat die appellant sy humeur verloor het toe die oorledene die kamer binnegekom het waar sy meisie haarself gewas het, en dat die appellant hom uit die kamer uitgestoot het.  Ook kan ek begryp dat die appellant weereens sy humeur moes verloor het toe die oorledene vir die tweede keer die kamer binnekom en hy hom weer uitgestoot het. Wat egter vir my totaal onverklaarbaar is, is waarom die appellant dit nodig gevind het om, nadat die oorledene die huis verlaat het, hom te agtervolg met ‘n mes en hom dan daarmee buite die huis te steek.  Duidelik was die oorledene op daardie stadium hoegenaamd geen bedreiging vir die appellant nie, en wil dit voorkom of daar meriete in die argument van adv Jansen is naamlik dat hy op daardie stadium met die mes die oorledene genader het met die opset om hom te steek, dit wil sÍ dat hy met voorbedagte rade die oorledene genader het en hom die dodelike wond toegedien het.

Hierdie sinnelose vergryp teenoor andere kan in geen

beskaafde stelsel geduld word nie. Na my mening verdien hierdie tipe optrede ‘n swaar vonnis.

7] Uit hoofde van die voorgaande is daar myns insiens geen vooruitsigte op sukses in die appél nie.

Bygevolg word die volgende bevel verleen:

**KONDONASIE VIR DIE LAAT LIASSERING VAN DIE KENNISGEWING VAN APPÉL WORD GEWEIER.**

HJ Lacock
**REGTER**

Ek stem saam.

CJ Musi
**WAARNEMENDE REGTER**

*Namens appellant:* Adv PJ Cloete

*Namens respondent:* Adv CG Jansen